

17 Oktober

Wees bly in jou beproewing

Skrifgedeelte: Jakobus 1:2-8

Fokusgedeelte: Jakobus 1:2-4

Om bly te wees in beproewing, klink na 'n teenstrydigheid – ja, 'n onmoontlikheid. Vir die gelowige beteken beproewing aan die eenkant swaarkry en aan die anderkant om deur die Here getoets te word. Wanneer jy met jou gestremdheid gekonfronteer word, worstel jy met die Here.

Beproewing is 'n proses. Dit is nie so dat jy vandag bid en skielik is jou probleem opgelos nie. In hierdie proses moet jy volhard, en soos Jakobus dit stel: Hierdie volharding moet enduit volgehou word. Dit kan alleen gebeur wanneer jy gefokus op die Here bly.

Beproewing beteken om getoets te word; soos wat 'n metaal tydens die suiweringsproses aan geweldige hitte blootgestel word, word jy ook getoets. Terwyl dit met jou gebeur, is Satan dikwels ook besig om jou te versoek. Die uitdaging is dan om jou aandag, jou hele wese op die Here te rig en te sien hoe jy groei. Groei beteken jy ontwikkel om dan uiteindelik vrug te dra.

Dit is geen grap om met die Here oor die sin van jou gestremdheid te worstel nie. Jou bly-wees beteken: Ek het – ondanks my gestremdheid – 'n ankerpunt in my lewe en ek is op pad na dié einddoel. Al kry ek swaar, beleef ek die Here se nabyheid en gee ek nie moed op nie, want die Here is die blydschap van my lewe.

Sing: Skrifberyming 14-2:1

Ds. Abel Steyn (Lydenburg)